Persverklaring

28 Mei 2009

Van die kantoor van die Munisipale Bestuurder

Weskus vereer met Bloudruppel- toekenning

"Drinkwater in die Bitterfontein Distrikbestuursgebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit voldoen aan al die nodige vereistes, en kan met 'n geruste hart gedrink word." So het mnr. Nic Faasen, bestuurder van die Afdeling Watervoorsiening, by die raad se spesiale vergadering, Woensdag hier gesê.

Faasen het die versekering gegee na aanleiding van die raad se Bloudruppel-sertifikaat wat hy onlangs by die Departement van Waterwese en Bosbou ontvang het.

Die sertifikaat is tydens die raad se spesiale jaarvergadering aan Faasen en van sy werkers oorhandig. Faasen het veral die twee operateurs mnre**.** I B Coetzee, F Cloete en die Superintentdent Watersuiwering , Ben van der Merwe geloof vir hulle bydrae en toegewydheid. Die lede is almal werksaam by die raad se ontsoutingsaanleg op Bitterfontein.

Om vir die toekenning in aanmerking te kom moet die raad se water aan 11 kriteria voldoen. Van die kriteria wat in ag geneem word, is die bestuur van die water, 'n veiligheidsplan, risiko analises wat op 'n gereelde grondslag gedoen word, die kwaliteit van die water en nog talle ander.

Die WKDM se watervoorsienings aanleg op Bitterfontein het 'n gemiddelde van 95% in al die kriteria behaal, wat hulle laat kwalifiseer het vir die Bloudruppel-status.

Die burgemeester van die WKDM, me. René Kitshoff het haar dank aan die afdeling oorgedra vir die werk wat deur hulle verrig word. Die Bloudruppel- toekenning, is die raad se tweede groot prestasie, in net soveel weke.

Onlangs het die Toerisme-afdeling van die WKDM een van die hoogste pryse, die Platinum toekenning, by die Toerisme Indaba in Durban ontvang. Die prys is ook tydens Woensdag se geleentheid aan hulle oorhandig.

Einde van Verklaring